

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Liggaam en siel? Jesus en die ander Maria se aanraking

Skriflesing: Johannes 12:1-8

Broodjies vir die pad

"If a man is to live, he must be all alive, body, soul, mind, heart, spirit."

— Thomas Merton, Thoughts in Solitude

"What men call the shadow of the body is not the shadow of the body, but is the body of the soul."

— Oscar Wilde, A House of Pomegranates

Doof my oë uit: ek kan jou sien,
stop my ore toe: ek kan jou hoor,
en sonder voete kan ek by jou kom,
en sonder mond nog na jou roep.
Breek my arms af, ek omvou jou
met my hart net soos met 'n hand,
stop my hart, en my kop sal jou bly volg,
en stook jy in my kop 'n vuur
dan dra ek jou nog altyd in my bloed.

Rainer Maria Rilke, uit *Das Stunden-Buch*,
2008 (1911):106

Vertaling deur Helize van Vuuren

"Certain thoughts are prayers. There are moments when, whatever be the attitude of the body, the soul is on its knees."

— Victor Hugo

"Remember Jesus of Nazareth, staggering on broken feet out of the tomb toward the Resurrection, bearing on his body the proud insignia of the defeat which is victory, the magnificent defeat of the human soul at the hands of God."

— Frederick Buechner, The Magnificent Defeat

"Dignity is as essential to human life as water, food, and oxygen. The stubborn retention of it, even in the face of extreme physical hardship, can hold a man's soul in his body long past the point at which the body should have surrendered it."

— Laura Hillenbrand, Unbroken: A World War II Story of Survival, Resilience and Redemption

"Your question is the most difficult in the world. It is not a question I can answer simply with yes or no. I am not an

Atheist. I do not know if I can define myself as a Pantheist. The problem involved is too vast for our limited minds. May I not reply with a parable? The human mind, no matter how highly trained, cannot grasp the universe. We are in the position of a little child, entering a huge library whose walls are covered to the ceiling with books in many different tongues. The child knows that someone must have written those books. It does not know who or how. It does not understand the languages in which they are written. The child notes a definite plan in the arrangement of the books, a mysterious order, which it does not comprehend, but only dimly suspects. That, it seems to me, is the attitude of the human mind, even the greatest and most cultured, toward God. We see a universe marvelously arranged, obeying certain laws, but we understand the laws only dimly. Our limited minds cannot grasp the mysterious force that sways the constellations. I am fascinated by Spinoza's Pantheism. I admire even more his contributions to modern thought. Spinoza is the greatest of modern philosophers, because he is the first philosopher who deals with the soul and the body as one, not as two separate things."

— Albert Einstein

"Your body is the harp of your soul and it is yours to bring forth sweet music from it or confused sounds."

— Khalil Gibran

"That in some way he could work the fat off his soul the way a fighter went into the mountains to work and train in order to burn it out of his body"

— Ernest Hemingway, The Snows of Kilimanjaro and Other Stories

"When we relate to our bodies as having soul, we attend to their beauty, their poetry and their expressiveness. Our very habit of treating the body as a machine, whose muscles are like pulleys and its organs engines, forces its poetry underground, so that we experience the body as an instrument and see its poetics only in illness."

— Thomas Moore, Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

Thomas Moore is the author of the bestselling book *Care of the Soul*, *Ageless Soul*, and fifteen other books on deepening spirituality and cultivating soul in every aspect of life. He has been a monk, a musician, a university professor, and a psychotherapist, and today he lectures widely on holistic medicine, spirituality, psychotherapy, and the arts. He lectures frequently in Ireland and has a special love of Irish culture. He has Ph. D. in religion from Syracuse University and has won several awards for his work, including an honorary doctorate from Lesley University and the Humanitarian Award from Einstein Medical School of Yeshiva University. He also has a B.A. in music from DePaul University, an M.A. in musicology from the University of Michigan, and an M.A. in theology from the University of Windsor. He also writes fiction and music and

often works with his wife, artist and yoga instructor, Hari Kirin. He writes regular columns for Resurgence, Spirituality & Health, and will soon publish *Writing in the Sand: The Spirituality of Jesus and the Soul of the Gospels, The Soul of Medicine, and Hole in One: Stories about the Game of Life.*

https://www.goodreads.com/author/show/1495208.Thomas_Moore

'n Uitnodiging: Wees méér mens vir ander

Wilhelm Jordaan

Om mense te nooi is 'n ingeburgerde sosiale ritueel.

Ons doen dit almal en met uiteenlopende oogmerke:

Soms wil jy net ou vriende onthaal en lekker gesels, of nader kennis maak met mense wat jy reken dalk nuwe vriende kan word;

Soms wil jy net bietjie spog met jou nuwe huis, met die nuwe goed wat jy ten duurste aangeskaf het; en

Soms nooi jy 'n bekende na jou huis net om later (vertonerig) te kan sê dié en daardie bekende was by jou aan huis.

'n Gans ander benadering tot nooi is vervat in die skrywer Caroline House (alias Oriah Mountain Dreamer) se prosagedig "Invitation". Haar sonderlinge "alias" weerspieël haar spirituele heling ná 'n lang siekte:

"Dit gaan my nie aan waar, wat en by wie jy gestudeer het nie. Ek wil weet wat gee jou krag van binne wanneer alles om jou weggeval het.

"Ek wil weet of jy dán alleen kan wees. Dit gaan my nie aan watter werk jy doen nie.

"Wat ek wil weet is of jy die durf het om oor 'n hartsbegeerte te droom.

"Dit gaan my nie aan waar jy woon en hoeveel geld jy het nie. Ek wil weet of jy ná 'n nag van trane en wanhoop, wanneer jy seer tot in die diepste gebeente beleef, nogtans in die môre ontstaan om te doen wat gedoen moet word.

"Dit gaan my nie aan hoe oud jy is nie. Ek wil weet of jy bereid is om lewenspassie te beleef al lyk jy soos 'n liefdesgek. Ek wil weet of jy met seerkry kan saamleef – myne en joune sonder om dit weg te steek, of weg te wens. Ek wil weet of jy met vreugde kan saamleef – myne en joune.

"Of jy die wilde dans kan dans wat ekstase tot in jou tone en vingers bring. Sonder om te waarsku: Wees versigtig, wees realities.

"Dit gaan my nie aan of die stories wat jy my vertel waar is nie. Ek wil weet of jy getrou kan wees en daarom betroubaar. Ek wil weet of jy skoonheid kan raaksien al is dinge nie elke dag mooi nie. Ek wil weet of jy gevoed word deur God se aanvoelbare teenwoordigheid.

"Ek wil weet of jy kan saamleef met mislukking – myne en joune. En om dan steeds langs 'n meer te staan en 'ja' te roep na die silwermaan.

"Dit gaan my nie aan wie jy is, of hoe dit gekom het dat jy nou hier is nie. Ek wil weet of jy saam met my in die hart van 'n groot vuur sal staan en nie terugdeins nie."

House se "uitnodiging" versit die bakens van alledaagse uitnodigings en word omgewerk tot 'n dieper sin van menslike samesyn; bied as't ware 'n uitdaging om méér mens vir die medemens te wees.

Dít veronderstel dat uitnodigende samesyn gedra word deur die krag van ontmoetende gesprek en die bereidwilligheid om te

sien deur die oë van 'n ander; te hoor deur die oor van 'n ander; en te voel deur die hart van 'n ander.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/n-uitnodiging-wees-meer-mens-vir-ander-20220329>

Brood vir die pad

Vrygewigheid is 'n deug met vele pragtige name

RRV

"Generosity is the virtue of giving," skryf die Franse filosoof André Comte-Sponville aan die begin van sy bespreking van dié deug in sy boek wat in Engels as *A Small Treatise on the Great Virtues: The Uses of Philosophy in Everyday Life* verskyn het. Hierdie "deug van gee" staan – soos dikwels in etiese gespreksvoering uitgewys word – teenoor die "doodsonde" van gierigheid of hebsug. Waar hebsug met die onversadigbare drang na verkryging en besit te make het, dui vrygewigheid op die geesteshouding waarvolgens daar eerder gegee as gegryp word, eerder vir ander iets gegun word as om dit van hulle te wil ontnem.

Comte-Sponville wys verder daarop dat vrygewigheid met geregtigheid saamhang en daarop steun. Albei het immers met gee te make. Maar daar is ook 'n verskil, want waar geregtigheid inhou dat jy aan ander hul regmatige deel gun en gee, behels vrygewigheid dat jy nie bloot aan ander gee wat hulle toekom nie, maar juis dit wat hulle kortkom, dikwels dan ook deur in die proses iets van jouself te gee. Vrygewigheid veronderstel dus 'n sekere ruimhartigheid. Die Middeleeuse denker Thomas Aquinas praat in hierdie opsig van liberalitas ("liberaliteit") – die vryheid wat ontspring wanneer ons nie besit word deur wat ons besit nie, en sodoende op oorfloedige wyse kan gee én ontvang. Ons sou ook langs hierdie weg kon dink aan Paulus se oproep aan die gemeente in Korinte om vrygewig te wees. Hy verwys as aanmoediging na die gemeentes in Masedonië wat ondanks hul armoede ryk was "in hulle oorvloedige vrygewigheid" (2 Korinthiërs 8:2). En Paulus roep dan die gemeente op om in die lig van alles wat hulle oorvloedig ontvang het in hul hulpverlening oorvloedig te gee.

Morele denkers wys ook daarop dat die Latynse woord generositas op adellike afkoms dui, asook hoe dit later met 'n edelheid van gees verbind is. Daar is hiervolgens dus iets groots aan die vrygewige persoon. So 'n persoon is daarom nie kleinlik, bekrompe en selfbehep nie, maar bereid om vrylik vir ander te gee en van hulle te ontvang.

In sy bespreking van vrygewigheid – ons sou ook kon praat van ruimgeestigheid, grootmoedigheid of gulhartigheid – wys Comte-Sponville voorts daarop dat hierdie deug 'n meerduidige betekenis het. Vergesel van moed, word dit heldhaftigheid. Vergesel van barmhartigheid, word dit weldadigheid. Vergesel van genade, word dit toegeeflikheid. En, as slotsom en woord vir ons dag, voeg hy by: "But generosity's most beautiful name is its secret, an open secret that everyone knows: accompanied by gentleness, it is called kindness."

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-vrygewigheid-is-n-deug-met-vele-pragtige-name-20220326>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877